



PALMERO[®] 750 WG

Reg. No./Nr. L 9219 Act No./Wet Nr. 36 of/van 1947

A water dispersible granule herbicide for the pre-emergence control of broadleaf and annual grass weeds as listed, in ratoon sugar cane.	'n Water disperseerbare korrel onkruidodder vir die vooropkom beheer van breëblaaronkruid en grasse soos gelys, in oorstaan suikerriet.
------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------	-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

HRAC HERBICIDE GROUP CODE	F2	HRAC ONKRUIDDODER GROEPKODE
---------------------------	----	-----------------------------

ACTIVE INGREDIENT/AKTIEWE BESTANDDEEL

Isoxaflutole (isoxazole) 750 g/kg Isoksaflutool (isoksasool)

NET MASS / NETTO MASSA

.....

REGISTRATION HOLDER/REGISTRASIEHOUER

Adama S.A. (Pty) Ltd
Co. Reg. No. 1992/001741/07
21 Viben Street
Brackenfell
7560
Tel: (021) 982 1460
Fax: (021) 982 5810
infocpt@za.adama.com

Batch number Lotnommer
Date of manufacture Datum van vervaardiging

UN No. 3077



Class III

Blue Band

PALMERO[®] 750 WG is the registered trademark of Adama, Israel.
PALMERO[®] 750 WG is die geregistreerde handelsmerk van Adama, Israel.

WARNINGS

- Harmful if swallowed.
- Store in a cool dry place away from food, feedstuffs, fertilizers and other agricultural products.
- Keep out of reach of children, uninformed persons and animals.
- Toxic to fish.
- **Re-entry:** Do not enter treated area until spray deposits has dried unless wearing protective clothing.
- **Safety to crop:** Under normal growing conditions, **PALMERO® 750 WG** is safe to all common cultivars as no noticeable phytotoxicity such as yield loss has been observed. Do not apply **PALMERO® 750 WG** to large areas of newly released cultivars before testing the safety of **PALMERO® 750 WG** on the new cultivar.

Although this remedy has been extensively tested under a variety of conditions the registration holder does not warrant that it will be effective under all conditions. The activity and efficacy of the product may be affected by factors such as abnormal climatic and storage conditions, quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of the weeds against the remedy, as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to man or animal, or for lack of performance of the remedy concerned due to the failure of the user to follow the label instructions, or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier in the event of any uncertainty.

PRECAUTIONS

- Avoid inhaling spray mist.
- Wash with soap and water after use.
- Wash contaminated clothes after use.
- Do not eat, drink or smoke during mixing and application or before hands and face have been washed.
- Do not apply in the vicinity of non-target plants as their roots might absorb the herbicide.
- Avoid drifting of the spray mixture to other crops, grazing areas, rivers or dams or any other area that is not under treatment.
- Clean applicator thoroughly after use and throw wash water where it will not contaminate crops, grazing areas, rivers, dams and non-target areas.
- Destroy the empty container by perforation and burning the container and do not re-use for any other purpose.
- Prevent contamination of food, feedstuffs, eating utensils and drinking water.

RESISTANCE WARNING

PALMERO® 750 WG is classified as a group code F2 herbicide. Any weed population may contain individuals which are naturally resistant to **PALMERO® 750 WG** and other group code F2 herbicides. The resistant individuals can eventually dominate the weed population if these herbicides are used continuously and exclusively. These resistant weeds may not be controlled by **PALMERO® 750 WG** or any group code F2 herbicide.

To delay resistance the following can be done:

- Avoid exclusive repeated use of herbicides from the same herbicide group code. Alternate or tank mix with registered products from different herbicide group codes and a different mode of action.

- Integrate other control methods (chemical, cultural, biological) into weed control programmes

For specific information on resistance management contact the registration holder of this product.

Should **PALMERO® 750 WG** fail to control resistant weeds, Makhteshim-Agan will not accept responsibility for such loss as the detection of resistant weeds before application is difficult. Avoid using **PALMERO® 750 WG** in places where weed resistance has been ascertained.

USE RESTRICTIONS

- **Observe the following waiting periods before planting the next crop:**
Sugar cane.....none
Maize.....6 months
Other crops.....12 months
The above mentioned periods only apply when the recommended rate of PALMERO® 750 WG was applied, and if average or above average rainfall during and after the season in which application took place, occurred. A test planting is always recommended.
- Avoid application on soils with less than 10 percent clay.
- Avoid application on stony soil.
- Do not apply **PALMERO® 750 WG** on plant cane.
- **PALMERO® 750 WG** activity may continue beyond the waiting periods indicated above when applied on soils which expand when wet and crack when dry. Do not treat such soils with **PALMERO® 750 WG** if crops sensitive to the isoxazole group are to be planted in the near future.
- Avoid mixing **PALMERO® 750 WG** with water containing high levels of chlorine as its effectiveness could be reduced.

DIRECTIONS FOR USE: Use only as directed.

Compatibility

PALMERO® 750 WG is compatible with paraquat. The compatibility of **PALMERO® 750 WG** with other products may be influenced by the formulation of the product(s) it is mixed with as well as the quality of the dilution water. Since the formulation of other products may change without the knowledge of Makhteshim-Agan and the quality of the water may differ from farm to farm, a physical compatibility test should always be carried out prior to application.

Mixing instructions

Half fill the spray tank with clean water. Add the required quantity of **PALMERO® 750 WG** to a small amount of water and mix thoroughly before it is added to the spray tank while agitating. Do not allow tank mixture to settle. If **PALMERO® 750 WG** is tank mixed with other products, first mix these products separately with water before it is added to spray tank. Fill the spray tank with water to the required level while continuously agitating. Do not allow tank mixture to settle. **The spray mixture should be applied within six hours after mixing.** Refer to the labels of the products which will be tank mixed with **PALMERO® 750 WG** and adhere to the label instructions.

Application

PALMERO® 750 WG may be applied by any suitable medium or high volume applicator provided it is fitted with an effective agitation system, it is able to distribute the spray mixture evenly over the target area and it is correctly calibrated. Best results are usually obtained by using flat fan nozzles and in a spray volume of 100–400 l water/ha. Care should be taken to avoid overdosing through overlapping of swaths. **PALMERO® 750 WG** must be applied onto a soil surface free of clods. Prolonged dry weather

following application may result in deep germinating weeds escaping control as they germinate and develop later. Use a registered post-emergence herbicide to control these weeds.

APPLICATION RATES

Crop	Soil type (% clay)	Dosage rate/ha	Remarks
Sugar cane (<u>ratoon cane only</u>) Both irrigated and dryland.	10–24	100–150 g PALMERO® 750 WG	Apply PALMERO® 750 WG pre-emergence of broadleaf and grass weeds. Apply from spiking stage but not later than 4-leaf stage of the crop. A higher dosage rate of PALMERO® 750 WG should be used on heavier soils in this soil category or where high weed pressure is expected.
	25–36	150–200 g PALMERO® 750 WG	Apply PALMERO® 750 WG pre-emergence of broadleaf and grass weeds. Apply from spiking stage but not later than 4-leaf stage of the crop. A higher dosage rate of PALMERO® 750 WG should be used on heavier soils in this soil category or where high weed pressure is expected.
	> 36	200–250 g PALMERO® 750 WG	Apply PALMERO® 750 WG pre-emergence of broadleaf and grass weeds. Apply from spiking stage but not later than 4-leaf stage of the crop. A higher dosage rate of PALMERO® 750 WG should be used on heavier soils in this soil category or where high weed pressure is expected.

Under dryland conditions, tank mixtures of PALMERO® 750 WG with paraquat can be used to control weeds. When **PALMERO® 750 WG** is mixed with other products the information on the label of that product should be read carefully and its instructions followed.

WEEDS CONTROLLED

PALMERO® 750 WG should normally control the following **broadleaf weeds**. Additional weeds not listed may also be controlled but the registration holder does not accept responsibility for weeds not listed on the label.

Botanical name	Common name
<i>Ageratum conyzoides</i>	Billy goat weed
<i>Amaranthus deflexus</i>	Perennial pigweed
<i>Amaranthus hybridus</i>	Common pigweed
<i>Amaranthus spinosus</i>	Spiny pigweed
<i>Amaranthus thunbergii</i>	Red pigweed
<i>Apium leptophyllum</i>	Wild celery
<i>Bidens pilosa</i>	Common black jack
<i>Chenopodium album</i>	White goosefoot
<i>Chenopodium carrinatum</i>	Green goosefoot
<i>Conyza bonariensis</i>	Horseweed
<i>Conyza sumatrensis (albida)</i>	Tall fleabane
<i>Datura ferox</i>	Large thorn apple
<i>Datura stramonium</i>	Thorn apple
<i>Euphorbia hirta</i>	Red milkweed
<i>Flaveria bidentis</i>	Smelter's bush
<i>Gnaphalium luteo-album</i>	Jersey cudweed
<i>Gnaphalium pennsylvanicum</i>	Gnaphalium
<i>Hibiscus trionum</i>	Bladder weed
<i>Hypochoeris radicata</i>	Hairy wild lettuce
<i>Parthenium hysterophorus</i>	Bastard feverfew
<i>Portulaca oleracea</i>	Purslane
<i>Richardia brasiliensis</i>	Tropical richardia
<i>Schkuria pinnata</i>	Dwarf marigold
<i>Senecio madagascariensis</i>	Ragwort
<i>Sesamum triphyllum</i>	Wild sesame
<i>Sida cordifolia</i>	Heartleaf sida
<i>Solanum nigrum</i>	Nightshade
<i>Tagetes minuta</i>	Khaki weed

PALMERO® 750 WG should normally control the following **grass weeds**. Additional weeds not listed may also be controlled but the registration holder does not accept responsibility for weeds not listed on the label.

Botanical name	Common name
<i>Chloris virgata</i>	Feather top chloris
<i>Digitaria sanguinalis</i>	Crab finger-grass
<i>Digitaria tenata</i>	Black seed finger-grass
<i>Eleusine coracana</i>	Goose grass
<i>Panicum maximum</i>	Common buffalo grass
<i>Panicum schinzii</i>	Sweet buffalo grass
<i>Paspalum dilatatum</i> **	Common Paspalum
<i>Urochloa mosambicensis</i> **	Bushveld herringbone

** Control of *Paspalum dilatatum* and *Urochloa mosambicensis* flushes that appear later may be insufficient.

Additional notes

- Application of **PALMERO® 750 WG** on recently limed soil may result in chlorosis of the crop.
- Avoid adding adjuvants to the spray mixture.
- Effectiveness of **PALMERO® 750 WG** may be reduced when mixed with water containing high chlorine levels.
- Marginal chlorosis may occur when **PALMERO® 750 WG** is applied to the crop under any form of stress with greater and more sustained stress taking the plant longer to grow out of the symptoms.
- Higher dosage rates could result in marginal chlorosis, but this is temporary and should not affect yield.
- Leaving tank mixtures to stand for long can either reduce residual effectiveness of **PALMERO® 750 WG** or result in chlorosis of the crop (when sprayed direct onto the foliage) or both.

WAARSKUWINGS

- Skadelik indien ingesluk word
- Berg in 'n koel, droë plek weg van voedsel, voer, misstowwe en ander landbouprodukte.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- Giftig vir visse.
- **Herbetreding:** Moet nie die behandelde gebied betree voordat die spuitstof droog is nie tensy beskermende oorklere gedra word.
- **Gewasveiligheid:** PALMERO® 750 WG is veilig onder normale groeitoestande teenoor die mees algemene kultivars aangesien geen noemenswaardige fitotoksiteit soos opbrengsverlies al waargeneem is nie. Moet nie PALMERO® 750 WG op groot aanplantings van nuut vrygestelde kultivars gebruik nie voordat die veiligheid daarvan op die nuwe kultivar getoets is nie.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie. Die werking en doeltreffendheid daarvan kan beïnvloed word deur faktore soos abnormale grond, klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van die verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui word nie en die voorkoms van weerstand van die onkruid teen die betrokke middel sowel as die tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei en die omgewing of nadelige invloede op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom, of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMAATREËLS

- Moet nie sproei newel inasem nie.
- Was met seep en water na gebruik.
- Trek besoedelde klere uit na gebruik.
- Moet nie eet, drink of rook tydens vermenging of toediening of voordat hande en gesig gewas is nie.
- Moet nie in die onmiddellike omgewing van nie-teikenplante toedien nie aangesien hulle wortels die onkruid doders mag opneem.
- Verhoed dat die spuit newel wegdryf oor ander gewasse, weiding, riviere, damme en gebiede wat nie behandel moet word nie.
- Maak spuitapparaat skoon na gebruik en gooi waswater weg waar dit nie gewasse, weiding, riviere, damme of nie-teikengebiede sal besoedel nie.
- Vernietig die leë houers deur gate daarin te maak en te verbrand en moet dit vir geen ander doel gebruik nie.
- Verhoed besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.

WEERSTANDSWAARSKUWING

PALMERO® 750 WG is as 'n HRAC groepkode F2 onkruid doders geklassifiseer. Enige onkruidpopulasie mag individue bevat wat 'n natuurlike weerstand teen **PALMERO® 750 WG** en ander groepkode F2 onkruid doders het. Die weerstand biedende individue kan uiteindelik die onkruidpopulasie oorheers as hierdie onkruid doders herhaaldelik gebruik word. Hierdie weerstand biedende onkruid mag dalk nie deur **PALMERO® 750 WG** of ander groepkode F2 onkruid doders beheer word nie.

Om onkruidodderweerstand te vertraag:

- Vermyn die uitsluitlike herhaalde gebruik van onkruidodders van dieselfde onkruidoddergroepkode. Wissel af, of gebruik in tenkmengsels met middels van ander groepkodes.
- Integreer beheermetodes (chemies, bewerking, biologies) in onkruidbeheerprogramme.

Vir meer spesifieke inligting rakende weerstandsbestuur, skakel die registrasiehouer van hierdie produk.

Indien **PALMERO® 750 WG** nie weerstandbiedende onkruidbeheer nie, sal Makhteshim-Agan nie verantwoordelikheid vir sulke verliese aanvaar nie, aangesien die opspoor van weerstandbiedende onkruid voor toediening baie moeilik is. Vermyn die gebruik van **PALMERO® 750 WG** in gebiede waar onkruidweerstandbiedendheid reeds bevestig is.

GEBRUIKSBEPERKINGS

- **Die volgende wagperiodes moet nagekom word voordat 'n opvolggewas geplant kan word:**
Suikerriet.....geen
Mielies.....6 maande
Ander gewasse12 maande
Bogemelde wagperiodes is net van toepassing indien die aanbevole dosis PALMERO® 750 WG toegedien was en gemiddelde of bogemiddelde reën tydens of na die seisoen van toediening voorgekom het. 'n Toetsaanplanting word altyd aanbeveel.
- Vermyn toediening op gronde met minder as 10 persent klei.
- Vermyn toediening op klipperige gronde. .
- Moet nie **PALMERO® 750 WG** op planriet toedien nie.
- Indien **PALMERO® 750 WG** op gronde wat uitswel as dit nat word en kraak wanneer dit droog word toegedien word, mag dit vir langer tydperke aktief bly as wat deur die wagperiodes hierbo aangedui word. Sulke gronde moet nie met **PALMERO® 750 WG** behandel word nie indien gewasse gevoelig vir die isoksasoolgroep in die afsienbare toekoms geplant gaan word.
- Vermyn die meng van **PALMERO® 750 WG** met water wat hoë chloorvlakke bevat aangesien dit die doeltreffendheid van die produk kan benadeel.

GEBRUIKSAANWYSINGS: Gebruik slegs soos aangedui

Verenigbaarheid

PALMERO® 750 WG is verenigbaar met parakwat. Die verenigbaarheid van **PALMERO® 750 WG** met ander produkte mag beïnvloed deur die formulering van die betrokke produk(te) waarmee dit gemeng gaan word asook die kwaliteit van die verdunningswater. Aangesien formuleringe van ander produkte sonder die medewete van Makhteshim-Agan kan verander en water kwaliteit van plaas tot plaas mag wissel, behoort 'n fisiese verenigbaarheidstoets altyd uitgevoer te word voor toediening.

Mengbaarheid

Vul die spuittenk halfvol met skoon water. Voeg die benodigde hoeveelheid **PALMERO® 750 WG** by 'n klein hoeveelheid water, meng deeglik en voeg dit dan in die tenk by terwyl geroer word. Indien **PALMERO® 750 WG** met ander middels in 'n tenkmengsel gebruik gaan word, meng hierdie middels eers afsonderlik met 'n klein hoeveelheid water voordat dit in die tenk bygevoeg word. Moet nie die tenkmengsel toelaat om uit te sak nie. Vul die spuittenk met water tot die verlangde vlak terwyl voortdurend geroer word. **Die spuitmengsel moet binne ses ure na vermenging uitgespuit word.** Verwys na die etikette van middels waarmee **PALMERO® 750 WG** gemeng gaan word en sorg dat die etiketaanwysings nagekom word.

Toediening

PALMERO® 750 WG kan met enige geskikte medium of hoë volume toediener toegedien word mits dit toegerus is met 'n doeltreffende roersisteam, die spuitmengsel eweredig oor die teikengebied kan versprei en korrek gekalibreer is. Beste resultate word verkry deur die gebruik van platwaaierspuitpunte en 'n spuitvolume van 100–400 ℓ water per hektaar. Sorg dat oordosering as gevolg van die oorvleueling van spuitbane nie plaasvind nie. Dien **PALMERO® 750 WG** toe op 'n grondoppervlakte vry van kluite. Langdurige droë weer na toediening kan veroorsaak dat diep ontkiemende onkruid swak beheer word aangesien hulle later ontkiem en ontwikkel. Gebruik 'n geregistreerde na-opkom onkruidoder om hierdie onkruid te beheer.

TOEDIENINGSHOEVEELHEDE

Gewas	Grondtipe (% klei)	Dosis/ha	Opmerkings
Suikerriet (alleenlik oorstaan riet) Besproeiings- en droëlandriet	10–24	100–150 g PALMERO® 750 WG	Dien PALMERO® 750 WG vooropkom van breëblare en grasse toe. Toediening is vanaf die verskyning van die groeipunt maar nie later nie as die 4-blaarstadium van die gewas. Gebruik 'n hoër dosis van PALMERO® 750 WG op swaarder gronde in hierdie grondkategorie of waar hoë onkruiddruk verwag word.
	25–36	150–200 g PALMERO® 750 WG	Dien PALMERO® 750 WG vooropkom van breëblare en grasse toe. Toediening is vanaf die verskyning van die groeipunt maar nie later nie as die 4-blaarstadium van die gewas. Gebruik 'n hoër dosis van PALMERO® 750 WG op swaarder gronde in hierdie grondkategorie of waar hoë onkruiddruk verwag word.
	> 36	200–250 g PALMERO® 750 WG	Dien PALMERO® 750 WG vooropkom van breëblare en grasse toe. Toediening is vanaf die verskyning van die groeipunt maar nie later nie as die 4-blaarstadium van die gewas. Gebruik 'n hoër dosis van PALMERO® 750 WG op swaarder gronde in hierdie grondkategorie of waar hoë onkruiddruk verwag word.

Onder droëland toestande kan **PALMERO® 750 WG** tenkmengsels met parakwat gebruik word om onkruid te beheer. Wanneer **PALMERO® 750 WG** met ander produkte gemeng word moet die inligting en aanwysings op die etiket van die ander produk noukeurig gelees en gevolg word.

ONKRUIDE BEHEER

PALMERO® 750 WG sal gewoonlik die **breëblaaronkruid** hieronder gelys, beheer. Onkruid wat nie gelys is nie mag ook beheer word maar die registrasiehouer aanvaar egter geen verantwoordelikheid vir onkruid wat nie in die tabel verskyn nie.

Botaniese naam	Gewone naam
<i>Ageratum conyzoides</i>	Bokkruid
<i>Amaranthus deflexus</i>	Meerjarige misbredie
<i>Amaranthus hybridus</i>	Gewone misbredie
<i>Amaranthus spinosus</i>	Doringmisbredie
<i>Amaranthus thunbergii</i>	Rooimisbredie
<i>Apium leptophyllum</i>	Seldery
<i>Bidens pilosa</i>	Knapsekêrel
<i>Chenopodium album</i>	Withondebossie
<i>Chenopodium carrinatum</i>	Groenhondebossie
<i>Conyza bonariensis</i>	Kleinskraalhans
<i>Conyza sumatrensis (albida)</i>	Vaalskraalhans
<i>Datura ferox</i>	Grootstinkblaar
<i>Datura stramonium</i>	Stinkblaar
<i>Chaemasyce hirta</i>	Rooimelkkruid
<i>Flaveria bidentis</i>	Smelterbossie
<i>Gnaphalium luteo-album</i>	Roerkruid
<i>Gnaphalium pennsylvanicum</i>	Gnaphalium
<i>Hibiscus trionum</i>	Terblansbossie
<i>Hypochoeris radicata</i>	Harige skaapslaai
<i>Parthenium hysterophorus</i>	Domoniabossie
<i>Portulaca oleracea</i>	Porslein
<i>Richardia brasiliensis</i>	Tropiese richardia
<i>Schkurgia pinnata</i>	Kleinkakiebos
<i>Senecio madagascariensis</i>	Groot senecio
<i>Sesamum triphyllum</i>	Wildesesam
<i>Sida cordifolia</i>	Hartblaartaaiman
<i>Solanum nigrum</i>	Nastergal
<i>Tagetes minuta</i>	Kakiebos

PALMERO® 750 WG sal gewoonlik die **grasonkruid** hieronder gelys, beheer. Onkruid wat nie gelys is nie mag ook beheer word maar die registrasiehouer aanvaar egter geen verantwoordelikheid vir onkruid wat nie in die tabel verskyn nie.

Botaniese naam	Gewone naam
<i>Chloris virgata</i>	Witpluimchloris
<i>Digitaria sanguinalis</i>	Kruisvingergras
<i>Digitaria tenata</i>	Swartsaadvingergras
<i>Eleusine coracana</i>	Jongosgras
<i>Panicum maximum</i>	Gewone buffelsgras
<i>Panicum schinzii</i>	Soetbuffelsgras
<i>Paspalum dilatatum</i> **	Gewone Paspalum
<i>Urochloa mosambicensis</i> **	Bosveldbeesgras

** Laat ontkiemende *Paspalum dilatatum* en *Urochloa mosambicensis* mag onvoldoende beheer word.

Bykomstige notas

- Toedienings van **PALMERO® 750 WG** op gronde wat onlangs kalktoedienings ontvang het mag vergeling van die gewas veroorsaak.
- Vermoed die byvoeging van bevorderingsmiddels tot die spuitmengsel.
- Die doeltreffendheid van **PALMERO® 750 WG** mag verminder word indien dit gemeng word met water met 'n hoë chloorinhoud.
- Marginale vergeling mag voorkom wanneer **PALMERO® 750 WG** toegedien word aan 'n gewas wat onder ongunstige groei-toestande verkeer. Hoe langer en meer hewig die ongunstige toestande, hoe langer sal dit die plant neem om die simptome te ontgroei.
- Hoë dosisse kan marginale vergeling veroorsaak, maar dit is tydelik van aard en sal nie die opbrengs beïnvloed nie.
- Indien tenkmengsels vir 'n lang tyd staan kan die nawerking van **PALMERO® 750 WG** nadelig beïnvloed word of vergeling van die gewas veroorsaak (wanneer dit direk op die blare gespuit word) of beide.